Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika

Streeksinode Kaapland– lSinodi-phondo – LaseKapa

Moderator: Ds. Dr LLM MacMaster *Assessor: Ds. E. Vinqi*
Scriba: Ds. HH Tromp *Actuarius: Ds. LL Plaatjie*

Addisionele lede: Ds. J Williams, Br. S Dandala, Prof. MA Plaatjies-Van Huffel & Sr. MN Mplatyi
Belhar Sinodale Kantoor
Privaatsak X1, Belhar, 7507
Tel. 021-952-2151 / Faks : 021 952 5806
E-pos : scriba@vgksa.org.za

---

17 Maart 2020

PASTORALE BRIEF VAN DIE MODERATUUR VAN DIE STREEKSINODE KAAPLAND OOR DIE UITBREEK VAN DIE COVID-19 VIRUS

Vir aandag: Leraars, Kerkrade, Gemeentes

Ons groet u in die magtige Naam van ons steeds-oorwinnende Here Jesus Christus.

Op 15 Maart 2020, het President Cyril Ramaphosa die land toegespreek oor die uitbreek van die COVID-19 (korona)-virus. Die President het 'n Nasionale Ramptoestand uitgeroep en drastiese maatreëls aangekondig om die siekte te hanteer en die impak op ons samelewing te verminder.

Die Moderatuur van die Streeksinode Kaapland het op Maandag 16 Maart 2020 'n telefoonkonferensie gehou om biddend en met onderskeiding te reageer op hierdie globale pandemie. Ons wil graag die volgende riglyne aanbied:

1. Ons erken die diverse aard en unieke omstandighede van alle gemeentes binne die Kaapse Streeksinode asook binne die kompleksiteite van ons Suid-Afrikaanse samelewing.
2. Ons besef dat vinnige en beslissende aksie nodig is om die virus te keer en die impak daarvan te verminder.
3. Daarom doen die Moderatuur 'n beroep op alle gemeentes om alle ontmoetings so te reël dat dit in lyn is met die maatreëls wat deur die President aangekondig is.
4. Ons moedig gemeentes sterk aan om eerder te beweeg na ontmoetings van gesinne en families in plaas daarvan om Sondag eredienste en gesamentlike bidure te hou.
5. Dit beteken dat daar ook nie Nagmaal- en Doopdienste sal wees nie.
6. Gedurende hierdie tydperk behoort bestaande kommunikasie netwerke gebruik te word om inligting te versprei, lede te bemoedig en geestelik te versorg.
7. In die geval van begrafnisse, versoek ons families om so ver moontlik te kies vir kleiner private geleenthede.
8. Leraars, Kerkraadslede en Versorgers moet te alle tye die hoogste vlakke van persoonlike higiëne handhaaf, veral ten opsigte van handewas. Probeer 'n veilige afstand handhaaf tydens noodsaaklike pastorale besoeke en vermy fisiese kontak. Slegs dringende gevalle moet hanteer word. Ander sake kan telefonies hanteer word.
9. Alle beplande vieringe en konferensies moet af- of uitgestel word.

10. Ons is bewus van die finansiële implikasies wat vloei uit hierdie streng maatreëls, en wil daarom gemeentelede aanmoedig om voort te gaan om verantwoordelike rentmeesterskap te beoefen deur sorg te dra vir die aarde en ons naaste.
11. Ons doen ‘n beroep op elke lid van die samelewing om barmhartigheid te beoefen gedurende hierdie uitdagende tye.
12. Die Moderatuur nooi alle leraars, gemeentes en gemeenskappe uit om op Sondag 22 Maart 2020 saam met ons te bid vir ons land en die wêreld.

Laat ons getrou bly, laat ons mekaar beskerm deur die liefde van God se skepping wat ons verkondig, laat ons aanhou maniere soek om die goeie nuus van ons Jesus Christus te verkondig. Mag ons altyd deur, ervaar dat God se genade altyd genoeg is.

Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou. Jesaja 41:10

Streeksinode Kaapland Moderatuur
Ds Dr LLM MacMaster
Ds E Vinqi
Ds HH Tromp
Ds LL Plaatjie
Ds Prof MA Plaatjies Van Huffel
Ds J Williams
Ouderling NM Mplatyi
Ouderling SS Dandala